

No. R. 884

14 November 2014

**MARKETING OF AGRICULTURAL PRODUCTS ACT, 1996
(ACT No. 47 OF 1996)**

**ESTABLISHMENT OF STATUTORY MEASURE - RECORDS AND RETURNS IN RESPECT OF
MAIZE PRODUCTS AND WHEATEN PRODUCTS**

I, Senzeni Zokwana, Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, acting under sections 13 and 18 of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996), hereby establish the statutory measure set out in the Schedule.

**SENZENI ZOKWANA,
MINISTER OF AGRICULTURE, FORESTRY AND FISHERIES.**

SCHEDULE

Definitions

1. In this Schedule any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning, and unless the context otherwise indicates –

“commercial purposes” means where an income, remuneration or other benefit is obtained;

“exporter” means a person who exports maize products or wheaten products from South Africa, and this includes a person who arranges or handles the exports in the name of or on behalf of another person;

“importer” means a person who imports maize products or wheaten products into South Africa, and this includes a person who arranges or handles the imports in the name of or on behalf of another person;

“maize” means the threshed and unthreshed product of plants of *Zea mays indentata*, *Zea mays indurata* and *Zea mays ceratina* or one or more of the hybrids of these, irrespective whether it is classified as white maize or yellow maize;

“maize product” means the following products derived from maize:

- Maize Chop
- Maize Grits
- Maize Rice
- Samp
- Sifted Maize Meal
- Special Maize Meal
- Super Maize Meal
- Unsifted Maize Meal;

“manufacturer” means a person who, for own use or for commercial purposes, manufactures or processes maize products or wheaten products, and this includes a person who does so in the name of or on behalf of another person;

“premises” means premises where local or imported maize products or wheaten products are manufactured or dispatched from and of which the person referred to is the owner or renter or otherwise has control, and where such person has more than one such premises, it shall include all such premises;

“registered VAT vendor” means any person or entity that is registered as a vendor by the South African Revenue Services (SARS) in terms of the legislation pertaining to Value Added Tax and who has to submit returns for that purpose to SARS;

“SAGIS” means the South African Grain Information Services, a company not for gain incorporated under section 21 of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973);

“the Act” means the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996);

“wheat” means the threshed or unthreshed kernels of the species *Triticum aestivum*;

“wheaten product” means the following products derived from wheat:

- Brown Pan Baked Bread (400g/600g/700g/other)
- White Pan Baked Bread (400g/600g/700g/other)
- Whole Wheat Pan Baked Bread (400g/600g/700g/other)
- Other Pan Baked Bread

Wheat Bran
Wheat Meal
Brown Bread Flour
Cake Flour
Other Bread Flour
Self-Raising Flour
White Bread Flour

Purpose and Aim of statutory measure and its relation to the objectives of the Act

2. The aim and objectives of this statutory measure are to compel manufacturers, importers and exporters of maize products and wheaten products to keep records and submit returns to SAGIS. The statutory measure is deemed necessary in order to ensure that market information in respect of maize products and wheaten products is made available accurately to the public and to all role-players in the maize and wheat industries. Information gathered by SAGIS by means of records and returns is disseminated freely in the marketplace, but all individual information will be treated confidential. Through the mandatory submission of monthly returns, market information for the whole country can be disseminated in the marketplace.

This statutory measure will not only facilitate market access for all participants, but it will assist in promoting the effective marketing of maize and wheat. Furthermore, the market information obtained in this manner will promote the viability and international competitiveness of the maize and wheat industries and the agricultural sector at large, while at the same time enhancing food security and the formulation of such policy.

The statutory measure is to be administered by SAGIS. SAGIS was specifically established for the purpose of gathering, processing and disseminating information on behalf of the various cereal and oilseed industries in South Africa. SAGIS can be contacted by telephone on (012) 523-1400.

SAGIS already publishes macro generic market information on a monthly basis for the various cereal and oilseed industries and for other interested parties. This information is obtained and furnished from the returns that are submitted to SAGIS. The information is published in a manner that is suitable to address the requirements of the majority of role-players in the respective industries.

Product to which statutory measure applies

3. This statutory measure shall apply to maize products and wheaten products.

Area in which statutory measure applies

4. This statutory measure shall apply within the geographical area of the Republic of South Africa.

Records to be kept by manufacturers, importers and exporters

5. (1) Each manufacturer, importer and exporter of maize products and wheaten products, excluding such manufacturers, importers and exporters that are not registered VAT vendors, shall keep complete records for each calendar month in respect of maize products and wheaten products that are manufactured, imported or exported by him for own use or for commercial purposes. This shall include any person who acts in the capacity of the aforementioned persons.

(2) Each person mentioned in sub-clause (1) shall keep the following records:

- (a) Quantity manufactured – the quantity of all maize products and wheaten products manufactured during a calendar month: Provided that the records should be kept separately for each product per province.
 - (b) Imports - in respect of maize products and wheaten products that are imported during a calendar month, records shall be kept of:
 - (i) Name and address of importer or person on whose behalf imports are made.
 - (ii) Quantity of maize products and wheaten products imported per country of origin.
 - (iii) Name and particulars of the vessel in which a quantity of maize products or wheaten products was imported.
 - (iv) Name of border post through which a quantity of maize products or wheaten products was imported.
 - (v) Name of harbour and owner of harbour premises through which the maize products or wheaten products were imported.
 - (c) Exports - in respect of maize products and wheaten products that are exported during a calendar month, records shall be kept in respect of:
 - (i) Name and address of the exporter and the person on behalf of whom the export takes place.
 - (ii) Quantity of maize products or wheaten products exported per country of intended destination.
 - (iii) Name of border post through which a quantity of maize products or wheaten products is exported.
 - (iv) Name and address of the last premises from where maize products or wheaten products were dispatched to a border post for export.
 - (v) Name of harbour and owner of harbour premises where the exported maize products or wheaten products were handled.
 - (vi) Name and particulars of the vessel in which a quantity of maize products or wheaten products is exported.
- (3) Records mentioned in sub-clauses (1) and (2) shall be –
- (a) kept separately in respect of each maize product and wheaten product;
 - (b) recorded on a computer or in ink in a book; and
 - (c) kept at the head office or usual place of business of the person who is required to keep them for a period of at least four years after the end of the period in respect of which such records were kept.

Returns to be submitted by manufacturers, importers and exporters

6. (1) Every manufacturer, importer and exporter of maize products and wheaten products shall within 10 working days from the end of each calendar month submit to SAGIS an accurate prescribed return in respect of maize products and wheaten products manufactured, imported or exported by him. This shall include any person who acts in the capacity of the aforementioned person.

(2) The return mentioned in sub-clause (1) shall be completed on a computer or in ink and submitted on the forms available from SAGIS.

(3) The returns shall –

- (a) if sent by mail, be addressed to :
The General Manager
SAGIS
P.O. Box 2267
Montanapark
0159
- (b) if delivered by hand, be delivered at:
SAGIS
Montana Forum Building
cnr Taaifontein and Tecomaria Streets
Montanapark X57
Pretoria
- (c) if transmitted electronically, be sent to:
Any of the fax numbers, e-mail addresses or other electronic addresses as furnished on the official return forms.

(4) The returns shall be posted, delivered or transmitted electronically to reach SAGIS before or on the deadline date mentioned in sub-clause (1).

(5) Zero returns shall be submitted if no maize products or wheaten products were manufactured, imported or exported during the period of the return.

Effective date

7. This statutory measure shall come into operation on the date of publication hereof and shall lapse four years later.

No. R. 884**14 November 2014****WET OP DIE BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996
(WET No. 47 VAN 1996)****INSTELLING VAN STATUTÊRE MAATREËL: AANTEKENINGE EN OPGAWES MET
BETREKKING TOT MIELIEPRODUKTE EN KORINGPRODUKTE**

Ek, Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikels 13 en 18 van die Wet op die Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (Wet No. 47 van 1996), stel hiermee die statutêre maatreël in die Bylae uiteengesit, in.

SENZENI ZOKWANA
MINISTER VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

“die Wet” die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte, 1996 (Wet No. 47 van 1996);

“geregisteerde BTW ondernemer” 'n persoon of entiteit wat as ondernemer deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) geregistreer is ingevolge die wetgewing wat betrekking het op Belasting op Toegevoegde Waarde, en wie opgewas vir daardie doel by SAID moet indien;

“invoerder” 'n persoon wat mielieprodukte of koringprodukte na Suid-Afrika invoer, en sluit ook 'n persoon in wat die invoer namens of ten behoeve van 'n ander persoon reël of hanteer;

“kommersiële doeleindes” waar 'n inkomste, vergoeding of ander voordeel verkry word;

“koring” die gedorste en ongedorste produk van plante van die spesie *Triticum aestivum*;

“koringprodukte” die volgende produkte wat van koring verkry word:

- Bruin Pangebakte Brood (400g/600g/700g/ander)
- Volgraan Pangebakte Brood (400g/600g/700g/ander)
- Wit Pangebakte Brood (400g/600g/700g/ander)
- Ander Pangebakte Brood
- Bruin Broodmeel
- Wit Broodmeel
- Ander Broodmeel
- Bruismeel
- Koekmeelblom
- Koringmeel
- Koringsemels

“mielieprodukte” die volgende produkte wat van mielies verkry word:

- Gebreekte Mielies
- Mieliegruis
- Mielierys
- Stampmielies
- Gesifte Mieliemeel
- Ongesifte Mieliemeel
- Spesiale Mieliemeel
- Super Mieliemeel

“mielies” die gedorste en ongedorste produk van plante van *Zea mays indentata*, *Zea mays indurata* en *Zea mays ceratina* of een of meer kruisings daarvan, ongeag of dit as wit- of geelmielies geklassifiseer is;

“perseel” 'n perseel waar plaaslik geproduseerde of ingevoerde mielieprodukte of koringprodukte vervaardig of vanwaar dit versend word en waarvan die persoon waarna verwys word die eienaar of huurder is of andersins die beheer oor het en, waar sodanige persoon meer as een so 'n perseel het, sluit dit al sulke persele in;

“SAGIS” die Suid-Afrikaanse Graan Inligtingsdiens, 'n maatskappy sonder winsoogmerk ingelyf kragtens artikel 21 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973);

“uitvoerder” ’n persoon wat mielieprodukte of koringprodukte vanuit Suid-Afrika uitvoer, en sluit ook ’n persoon in wat die uitvoere namens of ten behoeve van ’n ander persoon reël of hanteer;

“vervaardiger” ’n persoon wat, vir eie gebruik of vir kommersiële doeleindes, mielieprodukte of koringprodukte vervaardig of verwerk, en sluit ook ’n persoon in wat dit namens of ten behoeve van ’n ander persoon doen;

Doelwitte van die statutêre maatreël en ooreenstemming met oogmerke van die Wet

2. Die doel en doelwitte van die statutêre maatreël is om vervaardigers, invoerders en uitvoerders van mielieprodukte en koringprodukte te verplig om aantekeninge te hou en opgawes aan SAGIS te verstrek. Die statutêre maatreël word noodsaaklik geag ten einde te verseker dat markinligting aangaande mielieprodukte en koringprodukte akkuraat aan die publiek en aan alle rolspelers in die mielie- en koringbedrywe beskikbaar gestel word. Inligting wat SAGIS deur middel van aantekeninge en opgawes versamel, word vryelik in die markplek versprei. Deur die verpligte verskaffing van maandelikse opgawes kan markinligting vir die hele land versamel, verwerk en versprei word. SAGIS sal alle individuele inligting as streng vertroulik hanteer.

Hierdie statutêre maatreël sal nie slegs marktoegang vir alle deelnemers vergemaklik nie, maar behoort ook die doeltreffende bemaking van mielies en koring te bevorder. Voorts sal die markinligting wat daardeur verkry word, die lewensvatbaarheid van die mielie- en koringbedrywe en die landbousektor in die breë bevorder, terwyl dit terselfdertyd voedselsekerheid en die formulering van ’n voedselsekerheidsbeleid sal bevorder.

Die statutêre maatreël sal deur SAGIS geadministreer word. SAGIS is spesifiek gestig vir die doel om inligtingversameling, -verwerking en -verspreiding namens die verskillende graan- en oliesadebedrywe in Suid-Afrika te behartig. SAGIS kan per telefoon gekontak word by telefoonnommer (012) 523-1400.

SAGIS publiseer reeds makrogeneriese markinligting op ’n maandelikse basis vir die verskillende graan- en oliesadebedrywe en vir ander belanghebbende partye. Hierdie inligting word uit die opgawes wat aan SAGIS verstrek word, verkry en verskaf. Die inligting word op ’n wyse wat geskik is om die meerderheid van die rolspelers in die betrokke bedrywe te bereik, gepubliseer.

Produk waarop statutêre maatreël van toepassing is

3. Hierdie statutêre maatreël is op Mielieprodukte en koringprodukte van toepassing.

Gebied waarin statutêre maatreël van toepassing is

4. Hierdie statutêre maatreël is in die geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika van toepassing.

Aantekeninge wat gehou moet word deur vervaardigers, invoerders en uitvoerders

5. (1) Elke vervaardiger, invoerder en uitvoerder van mielieprodukte en koringprodukte, uitgesluit vervaardigers, invoerders en uitvoerders wat nie geregistreerde BTW ondernemers is nie, moet vir elke kalendermaand volledige aantekeninge hou in verband met mielieprodukte en koringprodukte wat deur hom vervaardig, ingevoer of uitgevoer is vir eie gebruik of vir kommersiële doeleindes. Dit sluit ook enige persoon in wat optree in die hoedanigheid van die voorafgenoemde persone.

(2) Elke persoon in subklousule (1) genoem, moet die volgende aantekeninge hou:

(a) Hoeveelheid vervaardig - die hoeveelheid mielieprodukte en koringprodukte wat gedurende ’n kalendermaand vervaardig is: Met dien verstande dat aantekeninge afsonderlik gehou moet word vir elke produk volgens provinsie.

- (b) Invoere - ten opsigte van ingevoerde mielieprodukte en koringprodukte gedurende 'n kalendermaand moet aantekeninge gehou word van:
 - (i) Naam en adres van invoerder of persoon namens wie ingevoer is.
 - (ii) Hoeveelheid mielieprodukte en koringprodukte wat ingevoer is per land van oorsprong.
 - (iii) Naam en besonderhede van die vaartuig waarmee 'n hoeveelheid mielieprodukte en koringprodukte ingevoer is.
 - (iv) Naam van grenspos waardeur 'n hoeveelheid mielieprodukte en koringprodukte ingevoer is.
 - (v) Naam van hawe en eienaar van haweperseel waardeur die mielieprodukte en koringprodukte ingevoer is.
- (c) Uitvoere- ten opsigte van mielieprodukte en koringprodukte wat uitgevoer word gedurende 'n kalendermaand, moet aantekeninge gehou word ten opsigte van:
 - (i) Naam en adres van die uitvoerder en persoon namens wie uitgevoer word.
 - (ii) Hoeveelheid mielieprodukte of koringprodukte wat uitgevoer is per land van beoogde bestemming.
 - (iii) Naam van grenspos waardeur 'n hoeveelheid mielieprodukte of koringprodukte uitgevoer is.
 - (iv) Naam en adres van die laaste perseel vanwaar mielieprodukte of koringprodukte vir uitvoer versend is na 'n grenspos.
 - (v) Naam van hawe en eienaar van haweperseel waar die uitgevoerde mielieprodukte of koringprodukte hanteer is.
 - (vi) Naam en besonderhede van die vaartuig waarmee 'n hoeveelheid mielieprodukte of koringprodukte uitgevoer is.
- (3) Die aantekeninge genoem in subklousule (1) moet –
 - (a) afsonderlik ten opsigte van elke mielieproduk en koringproduk gehou word;
 - (b) aangeteken word op 'n rekenaar of met ink in 'n boek; en
 - (c) by die hoofkantoor of gewone plek van besigheid van die persoon van wie vereis word om dit te hou, gehou word vir 'n tydperk van ten minste vier jaar na die einde van die tydperk ten opsigte waarvan sodanige aantekeninge gehou is.

Opgawes wat verstrek moet word deur vervaardigers, invoerders en uitvoerders

6. (1) Elke vervaardiger, invoerder en uitvoerder van mielieprodukte en koringprodukte, uitgesluit vervaardigers, invoerders en uitvoerders wat nie geregistreeerde BTW ondernemers is nie, moet binne 10 werksdae na die einde van elke kalendermaand, 'n akkurate voorgeskrewe opgawe aan SAGIS verstrek ten opsigte van mielieprodukte en koringprodukte wat deur hom

vervaardig, ingevoer of uitgevoer is. Dit sluit ook enige persoon in wat optree in die hoedanigheid van die voorgenoemde persone.

(2) Die opgawe genoem in subklousule (1) moet op 'n rekenaar of in ink ingevul word en verstrekk word op die vorms wat by SAGIS verkrygbaar is.

(4) Die opgawes moet –

(a) wanneer dit per pos gestuur word, geadresseer word aan :

Die Hoofbestuurder
SAGIS
Posbus 2267
Montanapark
0159

(b) wanneer per hand afgelewer word, afgelewer word by :

SAGIS
Montana Forum Gebou
h/v Taaifontein- en Tecomariastraat
Montanapark X57
Pretoria

(c) wanneer dit elektronies gestuur word, gestuur word na :

Enige van die faksnommers, e-pos adresse of enige ander elektroniese adresse soos op die amptelike opgawevorms vermeld.

(5) Die opgawes moet gepos, afgelewer of elektronies gestuur word om SAGIS te bereik voor of op die keurdatum genoem in subklousule (1).

(6) Nul-opgawes moet verstrekk word indien daar geen mielieprodukte of koringprodukte gedurende die tydperk van die opgawe vervaardig, ingevoer of uitgevoer is nie.

Inwerkingtreding

7. Hierdie statutêre maatreël tree in werking op die datum van publikasie hiervan en verval vier jaar later.